


**INLEIDING:**

[Jy kan een of meer van die ysbreker vrae kies om net die gesprek in te lei]

- Wat is iets snaaks/klein wat jy al oor getwyfel het?
- Wanneer laas het jy oor iets getwyfel? (nie noodwendig geloof nie)
- Is jy iemand wat maklik twyfel of eerder seker is?

Wat hoor jy as jy die definisie van geloof lees?

**Hebreërs 11:1**

*"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."*

- Dis eenvoudig maar nie noodwendig maklik nie. Ervaar jy ooit 'n spanning in jou oor hierdie definisie?

Die stelling *"Ek is ook Tomas"* spreek ons geneigdheid om altyd weer te twyfel aan.

- Is twyfel iets wat ons soms bang of skaam is om te verwoord?

Lees saam uit **Johannes 20:24-31** (addisioneel ook Lukas 24:36-49)

Vrae:

- Wat presies sê Tomas?
- Hoekom dink julle reageer hy so?
- Hoe reageer Jesus op Tomas?
- Wat tref jou die meeste van Jesus se reaksie?

**Jesus verwerp nie Tomas se twyfel nie…Hy ontmoet hom daarin!**

Bespreek die aanhaling van Alfred Tennyson:

**Daar leef meer geloof in eerlike twyfel wat uitgewerk word as in halfhartige belydenisse.**

**TWEE TIPES TWYFEL** (bespreek die twee tipes saam in die groep)

**1. KOP (Intellektuele twyfel)**

- "Is dit waar?"
- "Kan ek dit glo?"

**2. HART (Lewe-twyfel, emosionele, eksistensiële)**

- "Waar is God nou?"
- "Hoekom gebeur dit?"

**Vrae:**

- Watter tipe twyfel ervaar jy meer?
- Kan jy 'n tyd onthou waar jou ervaring nie by jou geloof gepas het nie?

**Ons twyfel nie altyd omdat ons nie glo nie…ons twyfel omdat ons voel!**

Ons het in die diens gesels dat selfs geloofshelde twyfel.

- Hoe laat dit jou voel dat selfs groot geloofshelde soos Dawid, Elia en Johannes die Doper, twyfel op 'n stadium?

**Twyfel = spanning tussen wat ek glo en wat ek ervaar**

- Het jy al gevoel:
  - *"Ek glo God is goed… maar my lewe maak nie sin nie"?*

**Hierdie twyfel is nie noodwendig die einde van geloof nie - maar dikwels die begin van groei en verdieping.**

***Hoe lank nog, Here?***

*1Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.*

*2Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here?*
*Vir altyd?*
*Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk?*
*3Hoe lank moet ek nog my eie planne maak*
*en my dae met kommer deurbring?*
*Hoe lank sal die vyand my nog oorheers?*

*4Luister tog en antwoord my, Here my God!*
*Gee my tog nuwe lewenskrag.*
*Ek wil nie sterwe nie,*
*5anders sê my vyand hy het my oorwin*
*en juig my verdrukkers oor my ondergang.*

*6Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.*
*Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.*

Psalm 13

- Het jy dit al ooit so ervaar - dat jy geestelik gegroei het na 'n tydperk van twyfel?

## WAT DOEN ONS MET TWYFEL?

(Gesels en werk saam deur die 4 ankerpunte)

**1. Begin by wat jy wél weet**

- Wat is iets in jou geloof waarvan jy seker is?

**2. Wees eerlik met God**

- Hoe maklik/moeilik is dit vir jou om eerlik met God te wees?

**3. Bly in gemeenskap**

- Hoekom dink jy is dit belangrik om nie alleen deur twyfel te gaan nie?

**4. Gebruik die sakramente**

**Sakramente gee vir ons iets sigbaar wanneer geloof onsigbaar voel.**

- Hoe help dit jou om te dink dat God se beloftes nie afhanklik is van jou gevoel nie?

## AFSLUITING

Laat elkeen hierdie sin voltooi: *"Ek is ook Tomas…omdat…"*

Uitdaging vir die week:

- Lees Psalm 13 in die week
- Skryf jou eie *"Hoe lank nog, Here?"* gebed.

## GEBED:

"Here, ek bring nie perfekte geloof nie…
ek bring my eerlike hart
Help my ongeloof"